

Donderdag 26

SKRIFGEDEELTE: EFESIËRS 4:17 – 5:21

Lewe as nuwe mense

Ons was, soos die heidene vandag, domastrant en daarom het ons nie omgee hoe ons lewe nie. Maar (weer die “maar” van God se genade) ons het anders geword toe ons Christus leer ken het en met Hom in 'n persoonlike geloofsverhouding gekom het.

Nou kan ons gees en gedagtes nuut word, ons kan anders dink en dus soos nuwe mense lewe. Die nuwe mens lieg nie en bly nie kwaad nie, anders gee hy/sy die duiwel 'n vatkans. Die nuwe mens steel nie, maar werk en deel aan ander uit. Hy/sy gebruik nie vuil taal nie, maar versterk en bou op met sy/haar manier van praat, anders bedroef hy/sy die Heilige Gees. Die nuwe mens is nie haatdraend nie, maar vergewe ander soos God ons in Christus vergewe het. Die nuwe mens lewe in die atmosfeer van liefde en vernietig nie die liefde met ongeoorloofde seks nie.

Lewe daarom as mense van die lig wat niks wegsteek nie, maar self lig is wat enersyds die kwaad uitwys en andersyds mense na die Lig, Christus, lei. Die nuwe mens gebruik elke geleentheid wat die Here gee om te vra wat vir die Here aanneemlik is.

Die belangrikste eis om as nuwe mense te lewe is: Laat die Heilige Gees julle vervul. Ons sal nog die stryd in die binnekant hê tussen wat die ou sondige aard in ons wil hê en wat die nuwe mens wil hê.

Gryp veral vas aan die belofte dat die Heilige Gees jou sal beskerm en toerus om as 'n nuwe mens te kan lewe.

Sing: Skrifberyming 14:1, 2

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)